

12 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 13:1-14:7 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 13:6**

Die Here se hand is nie te kort om te red nie

In die tye waarin ons lewe, gebeur daar daagliks een of ander traumatiese ding wat jou laat sidder van angs: kapings, moorde, verkragtings en diefstal. Psalm 14:1 lui: “Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade...” In Psalm 14:3 lees ons: “Hulle het almal afgewyk...; daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie.”

Dalk het jy skielik jou werk onregverdiglik verloor. Jy ervaar dalk terugslag na terugslag. Verskillende emosies word ervaar. Ons voel van God verlate. Twyfel, byna ongelooft en eensaamheid kruip in ons harte. Hoekom, Here? Waar was U, Here?

In Psalm 13:1,2 roep Dawid dit tot vier keer uit: “Hoe lank nog, Here, sal U my altyddeur vergeet? ... U vir my u aangesig verberg? ... sal ek planne beraam ... met kommer in my hart...? Hoelank sal my vyand hom oor my verhef?” Erken u u eie anskrete?

By Dawid is daar genadiglik nog geloofsvertroue. In Psalm 14:7 klink die vreugde op: “As die Here die lot van sy volk verander, dan sal Jakob juig, Israel sal bly wees.” Hy weet dat die oplossing by die Here lê. Hy glo dat God getrou aan sy verbond sal bly (Ps 13:6). Hy glo dat God persoonlik aan Hom aandag sal gee. Die Here sal sy oë verlig sodat hy die uitkoms sal sien (Ps 13:4).

Sy geloof is so sterk dat hy alreeds juig oor die verlossing wat die Here gaan bewerk. In Psalm 13:6 is Dawid so oortuig van die verlossing dat hy die eer van die Here besing, “omdat Hy aan my goed gedoen het”. Dit is verlede tyd! Hy weet beslis, want hy ken God uit sy Woord. Dit is die Heilige Gees wat aan hom hierdie vaste vertroue gegee het.

Bid voortdurend vir die verligting deur God se Gees!

Sing: Psalm 19:4,5

Ds AH Stavast (Mosselbaai)